

Onthoupaadjie ...

Ouma en Oupa Theron – teenwoordig in my grootwordjare

Soos onthou deur hulle kleindogter
Neëlljie Zehnder née Strydom

Ouma:

Neeltje Johanna Elizabeth Theron née Storm

*02-12-1893 †25-12-1982

en

Oupa:

Daniël Johannes Jacobus Theron

*07-10-1875 †16-07-1960



Ek op Ouma se skoot en my sussie, Sophia, op
Oupa se skoot. *Skaapplaas* circa 1946

Terwyl ek hierdie onthoupaadjie bedink het, kom die mooi gedagte uit Maurice Maeterlinck se *Blou Voël* by my op wat ek êrens gelees het dat, hulle wat heengegaan het, leef weer wanneer ons wat agter-bly, aan hulle dink.

Dankie vir die geleentheid wat geskep is om ons herinneringe neer te skryf.

Toe ek so drie jaar oud was, het my pa Skaapplaas (distrik Heilbron) gekoop. Die plaas was volgens grondtipe in twee gedeel. In die middel van die plaas, van oos na wes, was 'n vlei. Aan die een kant was die sogenaamde swartbult en aan die ander kant die sandbult. Ons het aan die een kant van die vlei gewoon en aan die anderkant van die vlei, aan die swartbult-kant, het my ouers vir ouma en oupa Theron 'n huisie gebou, want hulle was sonder heenkome. Hulle het drie kinders gehad – my ma, wat met 'n boer getrou het, 'n seun wat in die VSA gewoon het en 'n dogter wat in Pretoria onderwys gegee het en met 'n onderwyser getrou het.

Alhoewel Ouma se doopnaam Neeltje was, het almal haar Nellie genoem.

Oupa Theron was al 'n ou man in my oë, hy was 18 jaar ouer as Ouma. Hy was nie 'n boer nie en het nooit iets in sy lewe bymekaar gemaak nie. Hy het 'n paar beeste by ons op die plaas gehad. Waarvan hulle gelewe het, kan ek nie onthou nie. Of my ouers hulle finansiëel ondersteun het, kan ek ook nie onthou nie. My ouers het dit aanvanklik nie breed gehad nie.

Ek onthou oupa Theron as 'n man wat graag met sy Pretoriase skoonseun dambord gespeel het, al suigende aan sy pyp; 'n Man wat graag koerant gelees het – as my pa so nou en dan Wolwehoek toe gegaan het om pos te gaan haal, het hy 'n bondel koerante gekry. En dit het hy met aandag deurgelees. Hy was eintlik 'n gefrustreerde politikus.

Hy was 'n vurige Nasionalis en ek was soms moedswillig en dan het ek hom gepols oor generaal Smuts en dan was sy antwoord "Ek weet nie wat van hom geword het nie – hy was altyd so 'n goeie man". Met dié antwoord het hy na sy deelname aan die Anglo-Boereoorlog waar hy onder Smuts geveg het teen die Engelse verwys. En nou was Smuts pro-Engels. Onvergeeflik, in sy oë.

Hy was 'n groot rugbyondersteuner en het graag na wedstryde oor die radio geluister. Die radio was in daardie jare aan 'n battery gekoppel vir krag – gewoonlik 'n trekkerbattery. En dit is slegs aangeskakel vir nuus, godsdiens en rugby.

Oupa het 'n motor gehad met 'n *Dickey seat*. Ek kan net onthou dat ek en my sussie een keer daarin gery het en toe gaan staan die kar in die veld. En toe moes ons uitklim en stoot.



Voorbeeld van 'n 1937 Chevrolet met 'n *Dickey seat*. Oupa s'n was groen

Ouma was "my" ouma, want ek was haar naamgenoot. Sy was 'n fyn en sagte mens. Ek het soms by hulle gaan slaap en dan het ons soggens sjokoladepap' vir ontbyt gehad. Die

pap-borde het prentjies van blommetjies onderin gehad en dan moes ons kyk wie kon eerste die blommetjies sien as die pap amper opgeëet was. En sy het pampoene, in skywe gesny met die skil aan, in die oond gebak met kaneelsuiker daarvoor. Sy het my leer hekel – met wol, omdat dit makliker was.

As hulle by ons gekuier het, het sy vir ons stories vertel van haar grootwordjare en haar belewenis gedurende die Anglo-Boereoorlog. Ons kon nie genoeg daarvan kry nie.



Sy het met kalkoene geboer vir 'n inkomste

Vroeër in haar lewe het sy klere vir ander mense om den brode gemaak. Sy het altyd smaakvol aangetrek met die min wat tot haar beskikking was. Toe ek in standerd 6 was, moes ons 'n bloes maak vir die naaldwerkklas. En sy het vir my die knoopsgate met presiese stekies gemaak – en my op 'n stukkie lappie laat oefen sodat ek knoopsgatsteek kon baasraak.

My pa-hulle was ses kinders en daar was heelwat kleindogters wat na my ouma Strydom vernoem is. Toe hekel sy vir al die kleindogters wat na haar

vernoem is, 'n voorskoot. My sussie kry toe een. Toe hekel my ouma vir my ook een, totaal en al onprakties, maar sy wou nie dat haar naamgenoot afgeskeep voel nie.



Een nag was daar 'n rukwind wat hulle huis se dak geskep het. Toe stuur hulle 'n werker om die nuus oor te dra met die opdrag om my ouers nie te ontstel nie. Die boodskap wat toe oorgedra was, was dat Oupa tabak vra. Sy tabak is nat. Waarom? Omdat die dak afgewaai het ... (Dit was voor ons slinger-telephone so in 1955, 1956 op die plase gekry het.)

Oupa was, dink ek, maar 'n korrelkop. Hy het nooit genoeg brandstof in sy motortjie gegooi nie want dit word óf gesteel óf dit verdamp. Ouma moes meer as eenmaal na die naaste plaashuis stap as hulle op pad Wolwehoek toe sonder brandstof langs die pad gaan staan het. Hy het 'n hartprobleem gehad en kon nie so ver stap nie. En natuurlik was sy soveel jonger as hy.

Oupa is in my matriekjaar oorlede. Toe het hulle nie meer by ons op die plaas gewoon nie en was hulle in

Heidelberg (Transvaal) in 'n ouetehuis. Na Oupa se dood is Ouma Amerika toe om vir haar seun te gaan kuier wat einde 1945 VSA toe is. Dit was vir haar 'n wonderlike ervaring. Die seun het vir haar vliegkaartjie betaal – R800. Ons het gekorrespondeer toe ek op Universiteit was.

Daarna is sy Vrede Ouetehuis toe om naby my ma te wees want my ouers het in die distrik gewoon nadat die plaas in die Heilbron distrik verkoop is. Dan het ek ouma tydens besoeke gesien.



My ouma saam met my my ma (links) en ons gesin. Ek is regs agter (1966)

Ouma het later baie kwale gehad. Haar liggaam het nie meer die nodige voedingstowwe uit die kos opgeneem nie en dan moes sy hospitaal toe vir 'n reeks inspuitings. Sy het een keer grappenderwys na al die medikasie wat sy moes neem, verwys: – “As ek sterf, kan ek opgemaak word vir pille”.

Sy sterf in Vrede op Kersdag 1982, kort na haar 89ste verjaarsdag. En groet ek my liewe ouma in die begraafplaas op Heilbron op 'n snikhete dag aan die einde van Desember waar sy langs Oupa ter ruste gelê is.